# Die Matie

Pectora roborant cultus recti

SPESIALE INTERVARSITY-UITGAWE

UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XXVI, Nr. 7 Prys 1c

VRYDAG, 26 MEI 1972





**Ikeys** **Maties**

# STELLENBOSCH MOET EN KAN MÔRE WEN

## Ian Says . . .



*"IT IS always very difficult indeed to predict the result of any Intervarsity. Intervarsity is always a mighty close game, and the team that is really motivated will be rewarded with victory", said UCT captain Ian McCallum in an interview with Die Matie.*

*Ian stated that the Maties are a completely different team on Intervarsity Day. He was sure that even if UCT had to play the Matie third team, it would still be a hard game, with the Maties doing their utmost to win.*

*Like all Ikeys, McCallum hopes that this year will see the end of the lean eleven year long period in which UCT have failed to win an Intervarsity.*

*"This year, with all the fuss and hullabaloo being kicked up about Intervarsity, we have just that little bit of extra inspiration", the Springbok full-back added.*

**VANJAAR se Intervarsity is nie sommer net nog 'n Intervarsity nie. Dit is nie 'n formaliteit dat die Maties vanjaar weer gaan wen nie. Dit is 'n wedstryd wat gewen moet word, en gewen kan word.**

deur Johann Gerber

**Gewen móét word — omdat die Maties vanjaar nog glad nie te waffers gevaar het nie.**

Behalwe in twee vriendskaplike wedstryde vroeër vanjaar — teen UOVS en Somerset-Wes — kon die Magtige Maroen Masjien nog net nie lekker aan die loop kom nie.

### NEDERLAAG

In die eerste Stadsbekerwedstryd wen Stellenbosch net-net in die doodsnikke van die wedstryd. Teen Bellville is dit dieselfde storie. Toe kom 'n skok-nederlaag teen Van der Stel. En in die wedstryd teen Hamiltons oorheers die Seepuntse span, nadat hulle 0-23 agter was, die laaste tien minute en teken 16 punte aan sonder dat die Maties ooit in die prentjie kom.

**Intervarsity is vanjaar dus dubbel belangrik: nie alleen moet die Ikeys geklop word nie, maar daar moet bewys word dat Stellenbosch die beste span in die WP is.**

### IKEYS

Die Ikeys het tot dusver vanjaar baie goed gevaar. Hulle het slegs teen die Tukkies verloor, maar met volle eer uit die stryd getree. Die Noordelike kritici was besonder beïndruk met die wyse waarop hulle die magtige Tukkie-voorhoede vasgevat het. Hulle kan dus allermins onderskat word en hul kanse vir 'n oorwinning is baie goed.

Maar hierdie Intervarsity kán deur Stellenbosch gewen word.

Waarom?

● **In Dirkie de Vos en Dawie Snyman het die Maties op die oomblik die beste skakelpaar in die land.**

Daarby is hulle albei spelers wat die gang van 'n wedstryd kan dikteer. As dit sou reën, is De Vos by uitstek die man van die wedstryd. Wie kan dan ooit vergeet hoe hy destyds die Wallabies in die sambreel-toets van 1969 geterroriseer het?

Snyman het sedert sy terugkeer uit Australië 'n groot losskakel geword. Sy skopskoen kan lang ente veld wen. En as hy weer soos in verlede jaar se wedstryd 'n hoë skop op McCallum kan los en hom totaal kan ontsenu, is die helfte van die stryd gewonne.

● **In Ray Carlson het die Maties een van die gevaarlikste agterspelers in 'n lang ruk.**

Carlson is groot en sterk en verdedig soos 'n tier. Sy belangrikste bate bly egter sy vermoë om vinnig te kan dink en 'n situasie reg op te som. Myns insiens is dit hy wat die Ikey-senter Whipp in die WP-span so goed laat lyk.

Ray weet wanneer om uit te gee, wanneer om te skop en wanneer om te breek. Hy is die groot kanon in die Matie-agterlyn se geskut.

● **In Morné du Plessis het die Maties 'n groot speler en kaptein.**


Morné se vermoë om oral op 'n rugbyveld te wees, sy voorgevoel, sy dekverdediging, sy balbeheer — dit gaan die Ikeys heeltemal deurmekaar maak.

### McCALLUM

Die groot gevaar aan Ikey-kant is natuurlik Ian McCallum se skopskoen. Dus sal die Maties nie durf onkant speel in hul eie halfgebied nie. Peter Whipp, hul een senter, is die ander troefkaart, maar ons hoop dat Johann van der Merwe hom môre sal keer. Grant Abernethy, losskakel, sal miskien sukkel met sy nuwe skakelmaat.

**Om op te som: as die Maties môre speel soos ons weet hulle kan, gaan niks die Magtige Maroen Masjien stuit nie.**

## . . . Massa Sê



*AS gevolg van die Springbokproefwedstryde kon Morné se boodskap Die Matie nie betyds bereik nie. Maar as die kaptein nie 'n boodskap tot die massa kan rig nie, wat verhinder die massa om 'n aanmoediging tot die kaptein te rig?*

*Die Ikeys was nog altyd moeilike kalante in enige wedstryd, en in 'n Intervarsity was dit nog altyd des te meer die geval. Voeg hierby dat hulle vir die afgelope aantal jare nie daarin kon slaag om die wedstryd te wen nie, dan lyk dit asof hulle juis vanjaar ekstra gemotiveer is om dit te doen.*

*Afgesien van hierdie faktore het die massa steeds 'n groot vertroue in sy span. Elke Matie glo dat die eerstespan môre nog 'n oorwinning by die lang lys sal voeg. Die sing-song-pawiljoen sal in elk geval sy bes doen om die span hiertoe aan te spoor!*



# Hierdie Spelers Draf Môre uit vir die Groot Botsing:

| IKEYS | MATIES | TWEEDESPAN | DERDESPAN | VIERDESPAN |
|---|---|---|---|---|
| I. McCallum (k) | R. Carlson | J. Strauss | A. Parker | W. Landman |
| P. Berning | H. de Vos | P. Prinsloo | G. Albertyn | P. van Schalkwyk |
| P. Whipp | J. Walters | J. Potgieter | J. Slabber | J. de Munck |
| J. Thornton | J. v/d Merwe | P. Human | W. Koch | P. Rall |
| C. Pope | D. Carstens | A. Muller | J. van Heerden | P. Bosch |
| G. Abernethy | D. Snyman | P. Eloff | R. Blair | S. Bergh |
| C. Dittmer | D. de Vos | J. Streicher | C. Wait | L. Zondagh |
| R. Bryant | J. Steyn | C. Joubert | C. Drotsche | J. v/d Merwe |
| I. Buchan | A. Kruger | J. Nieman | J. Visser | G. Morkel |
| D. Claxton | P. Salkinder | P. le Roux (k) | P. van Rooyen | I. Mocke |
| P. le Roux | J. Coetzee | J. Meintjies | B. Fullard | D. Loubser |
| P. Edmonds | F. Burger | A. v/d Merwe | P. Venter | J. du Plessis (k) |
| G. Watt | G. Prins | D. McDonald | P. Moolman | C. du Plessis |
| S. Hillock | U. de Jager | W. van Heerden | B. Liebenberg | P. Veldsman |
| D. McDonald | M. du Plessis (k) | P. Mostert | J. Klopper (k) | T. Beyers |


## WP en SR Doen Ernstige Beroep:

*MNR. HANNES PRETORIUS, president van die WP Rugbyunie, het 'n ernstige beroep op studente gedoen om môre nie die gereg in eie hande te neem nie. Dit word dringend onder die aandag van studente gebring dat die SR die versoek van die WP Rugbyunie-voorsitter ten volle ondersteun.*

*Die versekering is gegee dat die WP Rugbyunie se amptenare verantwoordelik sal wees vir die wet en orde. Onsmaaklike of onverantwoordelike optrede aan studentekant kan slegs die Universiteit se naam tot oneer strek.*

*Die Uitvoerende Komitee van die Studenteraad versoek ook die studente om geen teenbetogings te reël nie. Hierdie teenbetogings kan slegs die omstrede aard van 'n tradisionele Intervarsity verhoog.*

*Die mosie wat die SR aangeneem het word met die woorde afgesluit: „Ordelike bywoning van Intervarsity is die duidelikste en waardigste manier om ondersteuning vir Intervarsity te kenne te gee."*



*MATIELAND se Sjampanjenooientjie vir 1972: Ilse Schmidt, sewentienjarige bruinoog van Minerva. Behalwe dat sy 'n groot sportgeesdriftige is, het sy net die regte sprankel om by môre se bruiswyn te pas. Met so 'n Sjampanjenooientjie gaan Intervarsity een groot fees wees!*

## Reëlings vir Dans en Vervoer

DIE Intervarsitykomitee het die volgende bekend gemaak om die Maties se reëlings met Intervarsity te vergemaklik:

Saterdagoggend om 9.56 vm. vertrek die spesiale trein vir persone met die betrokke kaartjies na Nuweland. Persone met sing-song-kaartjies sal voor die algemene publiek op Nuweland toegelaat word, maar slegs deur hekke nrs. 40 en 42 agter die Spoorwegpawiljoen.

**Môreaand is daar 'n geselligheid gereël in die Nywerheidsaal op die Goodwoodse skouterrein. Dit begin om sesuur en daar word deurgedruk middernag toe op maat van die McCully's Workshop. Daar is ook gereël vir 'n diskoteek terwyl McCully's rus.**

Alle Maties en oud-Maties is baie welkom by hierdie dans. Onder die Ikeys is daar groot belangstelling hiervoor en honderde kaartjies is al op hulle kampus verkoop.

### TREINE

Benewens hierdie belangstelling onder die huidige Ikeys lyk dit asof 'n paar van die ouer garde ook 'n draai by McCully's Workshop se musiek wil kom maak.

Maties wat onmiddellik ná die wedstryd huis toe wil kom, kan om 6 nm. 'n spesiale trein haal.

Om 6.22 nm. vertrek 'n spesiale trein vanaf Nuweland na Goodwood en vandaar gaan die trein Stellenbosch toe om 7.28. Die Nywerheidsaal is binne loop-afstand van die Goodwoodse stasie.

Benewens die trein om 7.28 vanaf Goodwood, vertrek daar ook om middernag 'n trein vanaf die Goodwoodse stasie.

**Benewens hierdie spesiale treindienste kan studente ook van die normale diens gebruik maak, maar dan sal hulle natuurlik eers in die Kaapse stasie gaan draai.**

Enige drag is by die dans toelaatbaar en kaartjies kan teen 50c stuk by die saal gekoop word. Eetgoed, koeldrank en bier sal te koop wees.

Wat die verrigtinge op Nuweland self betref: die Maties sit vanjaar aan die noordelike kant van die Spoorwegpawiljoen, met ander woorde waar die Ikeys verlede jaar gesit het. Stellenbosch sing elke keer sy universiteitslied eerste, en ook net vir die eerste twee spanne.

**VANJAAR is die eerste keer in dertien jaar dat Jannie Engelbrecht nie in 'n Intervarsity speel nie. 'n Mens wonder onwillekeurig wat sou gebeur het as hy nie Maandagmiddag tydens 'n oefening ernstig beseer is nie.**

### VERSOEK

**John Daneel het ook 'n vriendelike versoek gerig dat niemand op die veld moet gaan nie, selfs nie eens vir die gewone grappige voorspel tot die hoofwedstryd nie. Dalk word goeie bedoelinge verkeerd vertolk!**

**● Sien ook die SR en die WP Rugbyunie se beroep elders op die bladsy.**

## MEER SITPLEK AS VERLEDE JAAR

NA baie onsekerhede en argumentasie staan ons uiteindelik op die vooraand van Intervarsity. En vanjaar gaan meer as twee maal soveel Maties as verlede jaar die groot geleentheid bywoon. Dit is die gevolg van die feit dat daar vanjaar 3 448 kaartjies teenoor die 1 700 van verlede jaar deur die Intervarsitykomitee versprei word.

Daarvan is sowat negehonderd aan die sing-song-pawiljoen toegeken. Die pryse van laasgenoemde kaartjies is vanjaar verminder vanaf R1,50 na R1,10 omdat geen poncho's beskikbaar gestel gaan word nie, maar slegs hoedjies.

Aan die koshuise word tweeduisend kaartjies op ander pawiljoene toegeken.

Die pawiljoene sal reeds Vrydagaand deur 'n groep ingenieurstudente van Huis Marais versier word. Vir hierdie doel word R200 deur die WP Rugbyunie beskikbaar gestel. Vrydagnag sal Nuweland deur honde bewaak word ingeval iemand met die versierings wil peuter.

### HEKKE

Die Intervarsity-trein met vyfhonderd sitplekke vertrek Saterdagoggend om 9.56 vm. vanaf Stellenbosch. Die hekke op Nuweland sal ongeveer elfuur die oggend open, net ná die aankoms van die trein. Stiptelik om sesuur die aand vertrek die trein weer na Stellenbosch.



*GEESDRIFTIGE bywoning van die sangoefeninge het tot gevolg gehad dat die Maties wel môre sal sing. Te oordeel aan die klaarblyklike volume wat uit daardie wyd-oop monde kom, kan dit dalk 'n paar dowe ore tot gevolg hê!*

## INTERVARSITYKOMITEE

DIE volgende persone staan vanjaar aan die roer van sake. Ons dank aan John Daneel en sy mense wat onder uiters moeilike omstandighede nog steeds 'n Intervarsity kon reël.

John Daneel (Huis Marais) — voorsitter.
Willem Doman (Huis Marais) — ondervoorsitter.
Chris Otto (Eendrag) — tesourier.
Theo de Jager (Eendrag) — kaartjies.
Butch Williams (Dagbreek — sjampanjenooi.
Laurette Munnik (Huis Div) — sing-song-stempels.
Altus Joubert (Wilgenhof) — drompoppies.
Louis de Waal (PSO) — dekor.
Koos Fouché (PSO) — sekretaris.
Neil Armstrong (Huis Marais) — dans.



*JOHN DANEEL*

**HIERDIE spesiale Intervarsity-uitgawe van Die Matie is versorg en geredigeer deur die Sportredaksie en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Bpk., Firstraat, Observatory, vir die Studenteraad, Stellenbosch.**